

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Julie 2011 Nummer 106

INHOUDS OPGAWE

Openbare
skuldbelydenis ...1

Kinders op die troon ...5

“Don’t waste a crisis”:
‘n Kort besinning oor
ekologie, teologie en
Christelike etiek 6

OPENBARE SKULDBELYDENIS

B Luiten

“Herman en Irene ‘moet’ trou”. So word dit dan gesê. Gelukkig is hulle baie goed bygestaan deur hul vriende en familie. Hulle het self ook besef dat hulle verkeerd gehandel het en hulle het hul sondes voor God bely.

Maar, tot groot verbasing en ergernis van sommige, moes hulle ook nog hul skuld erken voor afgevaardigdes van die kerkraad. “Hoe is dit moontlik dat so iets verwag word van hierdie paartjie?!”. Word daar op so ‘n manier nie te veel klem gelê op een bepaalde sonde nie?

Elke mens sondig tog aanhoudend en wat moet ‘n kerkraad dan nog vergewe wat nie reeds deur God vergewe is nie?

Ek dink daar is baie mense wat met hierdie kritiek sal saamstem. ‘n Mens kan dit verstaan, want die erns van sonde word steeds meer beoordeel volgens gevoelens. So ontwikkel daar verkeerde situasies wat vir baie mense se belewing tog “nie so erg” is nie. Aan die ander kant speel individualisme ‘n groot rol in ons huidige samelewing. Ons het selfs ‘n owerheid wat hierdie doel nastreef!

Daarom verbaas dit ons nie dat Herman en Irene hul sondes voor God bely het en niemand anders daarby nodig gehad het nie. Boonop word die kerkraad deesdae nie meer op ‘n troontjie geplaas nie, sodat die vraag móét ontstaan: “Wat moet die ouderlinge eintlik vergewe?”

Dus, genoeg stof tot nadenke.

Brandmerk?

Maak hierdie spesifieke openbare skuldbelydenis nou nie dat die een sonde meer aandag kry as ‘n ander, wat wél bestaan, maar waaroor nooit gepraat word nie.

Hierdie kritiek lyk asof dit heel logies en korrek moet wees. Maar dit het ‘n verkeerde uitgangspunt. As ons so na dinge begin kyk, sal ons nooit iets

verstaan van openbare versoening nie. Ons sal altyd onderlinge vergelykings bly tref en besef dat daar altyd ernstiger sondes is wat nie in die openbaar bely is nie. Moet ons alles dan maar ignoreer?

Nee, want hier gaan dit nie daarvoor dat 'n bepaalde sonde uitgelig word bo 'n ander sonde nie.

In Matteus 18:15 lees ons die volgende: “En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broer gewin.” Hier gaan dit nie oor die aard of omvang van die sonde nie.

Die bekendheid van die situasie is hier van belang. Wanneer dit 'n geheime sonde is, volg 'n gesprek onder vier oë, wat dan genoeg sal wees. Wanneer die sondaar skuld teenoor God bely en sy lewe verander, dan is die skuld én belydenis hier op aarde slegs bekend by een ander persoon. Verdere bekendmaking is dan nie nodig nie. In die Kerkorde is besluit dat hierdie soort sondes nie meer voor die kerkraad gebring mag word nie (Art. 74).

Dit is wel partykeer nodig om ander broers of susters by die gesprek te betrek om sodoende daarmee krag te verleen aan die vermaning, maar dan bly die bekendheid nog steeds net binne die baie beperkte kring.

Let wel: Ons kan hier praat van kleiner oortredings, sowel as diep ingrypende sondes! Die laaste kategorie kan en mag ook onder vier oë opgelos word. Dit beteken nie dat dit altyd regkom nie, maar dit is moontlik om dit so op te los. Indien dit so is, word daar nooit weer daarvoor gepraat nie. God skenk vergewing op die opregte gebed, of dit nou vanaf die kansel is of vanuit die binnekamer.

Maar hoekom moet Herman en Irene dan wel voor die kerkraad verskyn? Moet hulle daad gebrandmerk word? Nee, dit gaan glad nie daarvoor nie. Die punt is, dat die swangerskap nie weggesteek kan word nie. Almal sal dit agterkom. So is daar nog ander sondes wat nie weggesteek kan word nie, soos openbare dronkenskap, kwaadwillige verlating van jou huweliksmat, bedrog, ens. Wat in die openbaar bekend word, kan nie in die geheim afgehandel word nie.

Dit kan baie hartseer wees dat dit so is, maar dit is die werklikheid van die daad wat gepleeg is. Dit is publieke dade. Dit gaan dus nie daarvoor dat die

kerk moeilik is oor die een sonde, maar gemaklik oor die ander sonde is nie. Die kerk kies nie watter sondes hy publiek wil hanteer nie.

Matteus 18 leer ons as basiese reël, dat skuld én die skuld belydenis binne dieselfde kring bekend sal wees. Die kring kan groot of klein wees, na gelang van die situasie.

Die beginsel bly dieselfde.

Dooddoener

Ja, dit is waar, elke mens sondig aanhoudend. Is so 'n spesiale behandeling regtig nodig?

Hierdie vraag word ook gevra binne baie kerke deesdae gevra. Is dit regtig nodig dat ons so erns maak met mense se sondes? Dit is mos belaglik om mense te weerhou van die Heilige Nagmaal. Jesus het immers ook met sondaars aan dieselfde tafel gesit? Sal die een sondaar die ander kan weerhou om aan die nagmaal te gaan?

Maar weer moet ons sê: Dit is nie die punt nie!

En deel daarvan is dat die gemeente ook nooit meer daarvoor praat nie. Die kerk loop daarin uiteraard in dieselfde spoor as haar Heer.

Elke sondaar is sekerlik welkom in die kerk, hoe sy lewe ook al lyk. Selfs die moordenaar aan die kruis het 'n enkele woord nodig gehad om die ewige lewe te kon ontvang. Die vergewing wat God skenk is so duidelik en uitnodigend!

Die punt is egter: Is daar berou? Is daar kennis en belydenis van sondes? Is dit ook sigbaar in die houding wat aangeneem word? Word die kwaad gekoester of word dit vermy en losgelaat? Dit is vrae wat ons vir mekaar mag vra. Dit moet verseker ook in die gemeente van Jesus Christus gevra word. Want God het sy volk telkens weer herinner aan sy heiligheid. Deur die versoeningsbloed kan Hy onder sy kinders woon, en was Hy alle sondes skoon met sy liefde.

Wanneer daar egter bewus gekies word vir die sonde, om daaraan vas te hou, dan stop die vergewing. Wanneer die gemeente dit in haar midde toelaat, dan gaan Hy weg. “Wees heilig, want Ek is

Help ons, o God, liefdevolle Heer en Verlosser, dat ons vrome sondaars bly, en nie heilige spotters word nie

- M Luther

heilig”, hoor ons in die Ou Testament (Lev. 19:2) en Nuwe Testament (1 Pet. 1:16).

Daarom is dit so belangrik om tydens pastorale gesprekke te kan onderskei tussen onmag en onwilligheid om ’n sondige lewe te verander. Dit is nie altyd ewe maklik om die verskil te sien en verstaan nie. ’n Skuldbelydenis kan hier baie help en helderheid bring vir almal in die gemeente. En die kerkraad sal dan daarop let of daar voldoende tekens van berou is (Art. 75 KO).

In hierdie lig is die benadering “Ons is almal sondaars” ’n dooddooener. So word daar afstand gedoen van iets wat vir God belangrik is en vir ons die verskil tussen lewe en dood kan beteken.

Daarom mag dit die taak van die kerkraad wees om by iemand aan te dring om ’n keuse te maak: óf u doen afstand van u sondige lewenswyse óf u deel nie meer langer in die bediening van die versoening nie. Want ’n mens kan nie vir God kies en terselfdertyd volhard in die kwaad nie (1 Kor. 5: 13).

Dit kan ’n weldaad wees wanneer iemand dit betyds vir jou sê. Dan is dit nie belangrik of dit vir jou gevoel ’n groot of ’n klein sonde is nie, maar wel of die bereidwilligheid aanwesig is om werklik na God te luister.

Versoening!

Waaroor gaan dit nou presies? Oor die versoening van sondes. God was die sondes skoon en dink nooit meer daaraan terug nie. En deel daarvan is dat die gemeente ook nooit meer daarvoor praat nie. Die kerk loop daarin uiteraard in dieselfde spoor as haar Heer.

Daarom is dit van belang dat die kerk op hoogte van sake is! Wanneer ’n verkeerde lewenswyse bekend word, sodat almal later daarvan weet, is dit gesond en bevrydend om na verloop van tyd aan die gemeente bekend te maak dat die betrokke broer of suster skuld bely het. Dit is dan ook die teken dat elkeen van die saak kan vergeet.

In so ’n situasie oorweeg die kerkraad dit of die skuldbelydenis aan die gemeente bekendgemaak moet word (Art 75 KO). Die vraag of die sonde inderdaad bekend geword het, speel hierin ’n belangrike rol. As almal daarvan weet of later

bewus sal word daarvan (bv. met ’n swangerskap), dan is dit verkieslik, nadat goeie oorleg gepleeg is, dat die berou ook aan die gemeente bekend gemaak sal word. In kleiner gemeentes sal dit gouer die geval wees as in ’n groter gemeente. In ’n dorp weet almal alles van mekaar af, maar in ’n stad meestal nie. In geen geval mag die skulderkenning deur ’n mededeling uiteindelik dien om die sonde bekend te maak wat andersins geheim sou bly nie. Daarom die oorweging! Die skuldbelydenis word bekend gemaak aan hulle wat bewus is van die sonde. So kan ons duidelik sien waaroor dit gaan.

Herman en Irene word nie verneder wanneer hulle in gesprek tree met twee ouderlinge wat hul namens die kerkraad besoek nie. Ook sal hul nie ‘gekruisig’ word wanneer die kerkraad sou besluit om iets hieroor aan die gemeente bekend te maak nie.

Hulle hoef glad nie God se vergewing uit mense se hande te ontvang nie.

Om gevind en teruggebring te word, is geen openbare teregstelling nie. Nee, dit is juis rede om saam bly te wees.

Die kerkraad, wat enersyds daarvoor verantwoordelik is om toe te sien dat die skuldbelydenis voor God opreg is, wil dit andersyds ook direk koppel aan die versoening deur die bloed van Jesus Christus. Op hierdie manier wil die kerkraad dan ook leiding gee aan die gemeente. Dit is allereers bevrydend vir Herman en Irene self. Want dink net hoe benouend dit moet wees indien almal van die situasie weet, hulle eie opinie hieroor het en dan ’n oordeel daarvoor gee, terwyl hulle lankal hul skuld bely het. Hoekom sou die sonde bekend wees, maar nie die versoening nie? Hoekom sou mense se praatjies nog aangaan wanneer die saak reeds afgehandel is?

Dit is die motivering vir ’n moontlike afkondiging of beriggie in die kerkblad. Wanneer die kerkraad met ’n paar woorde die bedoeling verduidelik, sal die jong paartjie in plaas van gemengde reaksies, nog baie begrip en hulp uit die gemeente kan ontvang!

Vervolgens is dit ietwat naïef om te dink dat sonde slegs in die verhouding met God skade aanrig. Die verhouding met die gemeente ly ook skade, want

Dit is omdat christene so min dink aan die toekomstige wêreld dat hulle so oneffektief in hierdie wêreld geword het

- CS Lewis

haar heiligheid is op die spel. Vandaar die bekommernis by baie wanneer dié soort sake aan die lig kom. Ander kan baie oppervlakkig reageer, soos: "Ons doen dieselfde dinge as hulle, ons kan dit net slimmer wegsteek". So word sonde net soos 'n aansteeklike siekte, die een besmet die ander. Dit kan dan ontaard in 'n praktyk waarin God se toorn oor die gemeente opgeroep word: Kan seuns en meisies in hul verhoudingstyd met mekaar nog wag tot die tyd wanneer God hulle as man en vrou vir mekaar gee?

Daarom praat Art. 72 van die Kerkorde ook daarvan, dat daar geen aanstoot gegee mag word deur die verkeerde optrede/gedrag binne die gemeente nie. Hierdie aanstoot is 'n verleiding tot sonde, 'n struikelblok waaroor 'n ander een kan val en sy nek kan breek.

Herman en Irene kan wel in stilte hul skuld voor God bely en niemand sal daaraan twyfel nie. Maar deur algehele stilswye sal dan ook geeneen van hul leeftydsgenote die idee kry dat sulke gedrag aanvaarbaar is in die gemeente se lewe voor God nie.

Daarom gaan die persoonlike en openbare aspekte saam in hierdie geval: Die sonde word in alle opsigte afgelê - uit die verhouding met God en ook uit die midde van die gemeente. Dan word die versoening volledig. Wie dit so kan insien, kan hom slegs daarvoor verbly. En nie in die minste Herman en Irene self nie!

Is dit haalbaar?

Ek hoop dat die kritici nog 'n keer hieroor sal nadink. Intussentyd kan dit wees dat baie van die kritiek 'n element van waarheid bevat. Want die waarde van wat ek hierbo geskryf het, staan of val met die vraag of dit alles haalbaar is in die praktyk. Word dit so beleef?

In die besonder dink ek aan die feit dat God sy gemeente kan verlaat, indien daar in die praktyk van die lewe nie rekening gehou word met God se heiligheid nie.

Tydens sy ballingskap het die profeet Esegïel hieroor 'n indrukwekkende visioen gesien. 'n Rondleiding deur die tempel waar hy die een gruwel na die ander teëgekrom het (hfst 8). Aan die einde van sy rondleiding het hy die heerlikheid

van die HERE sien weggaan. Die Here het homself verhef en het opgestyg uit die Oostelike Poort (Eseg 10: 18-22, 11: 22, 23).

As gevolg van die sonde wat Agan gepleeg het (die dief van Jerigo), het God nie saam met Israel na die volgende stad, Ai, gegaan nie. As gevolg van die sonde van een persoon is die hele volk in die ongeluk gestort (Jos. 7: 25).

'n Lewende verhouding met God leer ons om toesig oor mekaar te hou. Hier het die ouderlinge 'n besondere taak om leiding te gee en die gemeente toe te rus, maar dit is 'n saak wat ten diepste moet leef onder almal wat tot die kerk behoort.

Anders is die kritici reg! Indien meerdere paartjies ongetroud saamleef as man en vrou en hul leeftydsgenote is hiervan bewus sonder om iets daarvan te sê, word Herman en Irene se skuldbelydenis voor die kerkraad 'n grap. So 'n skuldbelydenis pas dan nie meer by die gemeente nie, het geen basis meer nie, want die lewenswyse word heeltemal geduld binne die gemeente.

Wat maak ons as dit die klag is wat gehoor word? Dat dit algemeen aanvaar word om so te leef? Wanneer iemand sê: "Waarmee is die kerkraad nou besig, met hierdie skuldbelydenis? Daar is nog so baie ander wat presies dieselfde of erger dinge doen?"

Hierop is twee antwoorde moontlik.

Ten eerste: Wanneer die situasie bekend is by die kerkraad, kan die kerkraad meedeel dat daar in ander situasies volgens dieselfde maatstaf gemeet sal word.

Ten tweede: Wanneer die kerkraad nie hiervan bewus is nie, sal die klaer self vermaan word om op te tree. Indien hy weet wat die betrokke persoon se naam en adres is, moet hy hulle gaan besoek volgens Matt 18:15. So 'n optrede is dringend noodsaaklik om te voorkom dat jongmense van God vervreemd raak, of erger nog, dat God Hom sal onttrek uit die gemeente.

Soos 'n herder

Jesus Christus het 'n gelykenis vertel van 'n herder. In die aand, toe die skape getel word, kort daar een van die honderd skape. Die skaap het verdwaal. Wat maak die herder nou? Hy het gaan soek, totdat hy die verdwaalde skaap gekry het. En daarna bring hy

Een mens saam met God is altyd 'n meerderheid

- Op die graf van John Knox

dit toe terug na die kraal. 'n Bekende gelykenis, en dis baie maklik om te verstaan.

Die samehang is egter verrassend, want hierdie gedeelte (Matt. 18: 12-14) staan net voor vers 15 waar staan: "En as jou broeder teen jou sondig, (d.i. op 'n dwaalweg gaan/verdwaal, waardeur hy die herder verloor en verongeluk), gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin."

Hieruit mag blyk dat "tug" nie 'n skelwoord is nie. Nee, die afskaffing van die tug is liefdeloosheid! Dan sou almal kon verdwaal, sonder dat iemand hulle gaan soek.

Om gevind en teruggebring te word, is geen openbare teregstelling nie. Nee, dit is juis rede om saam bly te wees.

Dit is van uiterste belang dat ons in hierdie tyd, waar goed en kwaad as relatief beskou word, dit betyds moet waag om te identifiseer wát 'n dwaalweg is en wíe daarop gaan. En dan ook verder saam die beeld uitdra van die Goeie Herder!

KINDERS OP DIE TROON

"Uit die mond van kinders en suigeling het U u sterkte gegrondves..."

Psalm 8 : 3

MA Dronkers

Verstommend hoe Psalm 8 die mens se beeld skets. As mens is ons kop en skouers bo die res van die skepping geplaas. Die sogenaamde "missing link" mag dan miskien "bewys" dat die mens niks meer is as 'n skakel in die evolusie-ketting nie, Psalm 8 weet verseker van 'n ander werklikheid.

Net vir die mens geld: *"U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel."*

In God se skepping het die mens 'n kroon ontvang. Alles moet voor hom buig.

Binne die raamwerk van Psalm 8 moet ons egter

versigtig omgaan met die koninklike mensbeeld wat geskets word. Dis belangrik dat vers 3 deeglik oordink word.

Dit is inderdaad waar dat die mens vanaf vers 4 en verder geprys word. Afgebeeld teen die hemelruim is hy soos 'n muggie, soos die kop van 'n speld, en tog moet die hele skepping voor hom buig. Maar voor hierdie lofsang oor die grootheid van die mens, staan eers vers 3. En wat 'n merkwaardige inleiding op die lofsang oor die grote mens vind ons in hierdie vers 3: *"Uit die mond van kinders en suigeling het U sterkte gegrondves, om u teenstanders ontwil, om die vyand en wraakgierige stil te maak."*

Ons sien die mens wat so presteer. Die Psalm teken dit vir ons in al sy glorie. Alles is onder sy voete gestel, werklik alles in hierdie skepping. En die hedendaagse wetenskap bou net verder aan die alles wat die mens in sy mag het.

Ja natuurlik, ons moet hier vanselfsprekend dink aan die volwasse mens. Nie aan kindertjies wat nog moet leer om te praat, te loop, te dink nie. Nie aan die kleintjies wat nog moet leer om koning van die skepping te wees nie.

Nee, Psalm 8 besing die volwasse, die intellektuele mens. Die mens op sy hoogtepunt. Volgroeid.

Net in die gestalte van 'n kind kan jy as volwassene voor jou Koning-God staan.

Maar nou buig God vir sy eie goddelike sterkte, om sy heerlijkheid te grondves, nie af na hierdie volwasse koninklik-presterende mens nie, maar na die kind. God buig Hom af na die suigeling, en uit hulle mond bou Hy vir Hom die fondament van Sy koningskap en heerskappy.

Wanneer dit gaan oor God se krag, God se glorie en mag, word die mens skielik geplaas op die vlak van 'n nietige en klein kind, wat self by alles gehelp moet word. Dan keer die koning in God se skepping weer terug na waar hy begin het, 'n klein mensie. As dit gaan oor God se koningskap, word die grote mens teruggebring tot op die vlak van 'n kind in die wieg.

Hierdie plasing van vers 3 voordat daar oor die grootheid van die mens gepraat word, maak 'n paar

He who begins by seeking God within himself may end by confusing himself with God

- BB Warfield

dinge vir ons duidelik. Allereers 'n stukkie Goddelike humor en Goddelike spot. God wys die mens op spottende manier tereg. Ken jou plek. Die mens kan dink: Sjoe, kyk alles wat ek presteer! Maar as God vir sy glorie 'n stewige fondament wil bou, dan word aan hierdie volwasse, magtige presterende mens juis verby gegaan. Dan kom God na die mens, en hy skuif hierdie mens-koning se troon weg, en sit in die plek daarvan 'n wieg. Die mens is inderdaad magtig, maar as dit oor Gód se mag gaan, dan kan die mens en al sy prestasies, as dit nodig sou wees, maklik gemis word.

Vers 3 sny egter nog 'n bietjie dieper. Die volwasse mens het immers die neiging om onafhanklik van God te wil funksioneer. Sy posisie as koning kan maklik na sy kop gaan. Die feit dat hy byna goddelik gemaák is (vers 6), kan hom in hoogmoed laat dink dát hy nou god is.

Dink maar net aan al die woorde wat ons so gereeld hoor om die mens te beskryf: eiewys, eiewillig, eiemagtig, eiesinnig, outonoom: homself tot wet, eie baas wees.

Daarom vers 3. Dis asof die Here, voordat hierdie hoë beeld van die mens na vore kom, die vuilheid van eeue van menslike koningsheerskappy wil skoonvee. Daardie outonome mens met sy goddelose koningskap word deur God maklik aan die kant geskuif, en in die plek daarvan stel God die onmondige kindertjies.

Onbeholpe kinders wat nog tot niks in staat is nie. Wat nog niks gepresteer het nie. Absoluut afhanklik. Die suigeling wat nog soekend gryp en niks beheers nie. Slegs so, in absolute afhanklikheid, kan die koninklike mens sterkte en eer en lof aan God bring. Slegs so kan die mens 'n klein steen word in die fondament waarop die gebou van God se glorie en heerlijkheid gebou gaan word.

Watter mens word dus in Psalm 8 besing?

Vers 3 is die bepalende faktor: Daardie mens wat, terwyl hy koninklik regeer, tog 'n kleuter bly voor sy God se aangesig. In alles afhanklik van sy hemelse Vader. Daardie mens, met hande wat so baie kan vermag, en tog bly dit voor God se aangesig opgehou, gevou, biddende hande.

Kinderhande.

Monde wat wysheid soveel wysheid kan verkondig. En dus: kindermonde.

Kinders op die troon. Dit is die mensbeeld van Psalm 8.

Net in die gestalte van 'n kind kan jy as volwassene voor jou Koning-God staan.

“DON'T WASTE A CRISIS”: ‘N KORT BESINNING OOR EKOLOGIE, TEOLOGIE EN CHRISTELIKE ETIEK

MP de Wit

Is die ekologiese krisis werklik so relevant vir Christene? Sal die probleem homself maar nie net oor tyd uitsorteer deur beter beplanning en markwerking nie? Is dit eintlik wel iets waarvoor Christene bekommerd hoef te wees of selfs mag wees? In 'n wêreld waar daar blatant met God gespot word en waar daar grootskaalse ontkerklike plaasvind kan dit maklik aangevoer word dat daar ander prioriteite moet wees as om oor 'n ekologiese krisis te bekommer. In hierdie artikel word egter die teendeel beargumenteer en vir redes wat dalk nie altyd so voor die hand liggend is nie. Die ekologiese krisis roep naamlik op tot 'n besinning wat ons gereformeerde teologie en etiek in die hart raak.

Dit is nodig om onself weer daaraan te herinner wat bedoel word met die woord *Christelike etiek*. 'n Christelike etiek is nie maar net die nastreef van 'n goeie moraal nie. Dit is wat die ou Griekse wysgere daarvan gemaak het deur *ethos* in te vul met menslike aspekte, soos 'n goeie strewe, 'n goeie karakter, asook kennis van en ontwikkeling van die mens self. In die meer moderne Westerse filosofie is etiek geïnterpreteer as die nakom van 'n stel reëls en die uitleef van sekere pligte of die nastreef van goeie uitkomst soos om die grootste geluk te soek

Elke kerklid is ook 'n potensiële bederwer van die kerk

- C Trimp

vir grootste aantal mense. In die postmodernisme word etiek gesien as iets wat afhang van elke situasie en ten sterkste deur elke persoon of groepe persone self bepaal moet word. In kontras, die vertrekpunt in Christelike etiek is nie in die mens self nie, maar in die persoon en werk van Christus. Etiek is ten nouste verbonde aan wie God is, wat Hy doen en waarnatoe Hy met hierdie wêreld op pad is. Etiese teorie en praktyk *vorm* nie, maar *volg* op ons beskouing oor die aard van God self, soos aan ons geopenbaar in die skepping en in die Woord.

Hoe Christene dan hulle lewens inrig is nie 'n vryblywende keuse nie, maar een wat afhanklik is tot die manier hoe ons oor God self, asook God se verhouding met mense en met Sy skepping, dink. Die argument dat ons beelddraers van God self is en as onderkonings oor die skepping aangestel is met 'n opdrag om oor die skepping te heers, speel daarom ook 'n deurslaggewende rol in baie Christene se etiese keuses in die gebruik van en bewerking van die aarde.

Hoe Christene dan hulle lewens inrig is afhanklik van die manier hoe ons oor God self, asook God se verhouding met mense en Sy skepping, dink.

In die moderne kulturele konteks van individuele menslike vryhede en regte, 'n sterk vryemarkgedrewe ekonomiese bestel en duiselingwekkende wetenskaplike en tegnologiese prestasies, het hierdie model van Christelike bestuur of rentmeesterskap vroeë begin oproep. Opeens is daar 'n ander realisering wat begin deursyfer. Die filosofiese en kulturele konteks van die 'vrye mens' het inderdaad baie uit armoede gehelp en meer mense gevoed as in baie ander tye in die wêreld se geskiedenis, maar gaan ook gepaard met lang skadu's van, onder andere, enorme welvaarts-ongelykheid en groot skade aan die natuur. Een van die sorgwekkende uitkomstes van die wêreldwye sosio-ekonomiese transformasie van die tyd na die industriële rewolusie is wat bekend staan as die ekologiese

krisis.

Dit is juis dan die sentrale plek wat die mens inneem in die skeppingsverhaal asook die gedagte dat mense na die beeld van God gemaak is, wat deur verskeie skrywers, met name Lynn White Jr, tekenend is van 'n dualisme tussen mens en natuur en wat as die bron van die ekologiese krisis gesien moet word. Die Christendom word geblameer vir haar enorme aandeel in die ontstaan van die mensgerigte westerse wêreldvisie wat ten koste van die natuur gegaan het en nog steeds gaan. Die enigste oplossing, word geargumenteer, is 'n alternatiewe Christendom.

Die ekologiese krisis roep by Christene heelwat verskillende reaksies op. In 'n onlangse studie oor die beskouing van Christene in die VS oor een aspek van die ekologiese krisis, naamlik oor die bewaring van biodiversiteit, was daar sulke uiteenlopende gedagtes dat dit alleen al roep tot 'n diep besinning. Ten eerste is daar die wat hulleself beroep op die Bybel om 'n goeie antwoord te vind op die ekologiese krisis. Tweedens, is daar 'n groep wat skepties staan teenoor die wetenskap van bewaringsekologie as sulks. Derdens is daar 'n groep wat prioriteite stel aan ander morele sake soos om siele te wen en dit teenoor die persepsie stel dat Jesus nie gekom het om die natuur te red nie. Vierdens is daar 'n groep wat heeltemal onverskillig staan teenoor die bewaring van biodiversiteit. Die feit is dat die kultuur van die Christendom gemengde boodskappe uitstuur; dit is dan ook geen wonder dat Christene dikwels gesien word as deel van die probleem, nie. Pogings om die Bybel te interpreteer in die lig van die ekologiese krisis word dan ook dikwels met groot argwaan bejeën, nie net deur nie-Christene, maar ook deur baie Christene self.

Wat is dan die redes waarom die ekologiese krisis so 'n groot probleem vir baie Christene is? Ek wil drie redes noem. Eerstens, ekologiese bewuswording word soms geassosieer met die 'New Age' spiritualiteit en selfs met 'n heidense verering van die natuur. Tweedens, die ekologiese krisis roep vroeë op oor die vryhede van die mens deur onder andere vraagtekens te plaas by die dogmatiese aanvaarding van die vrye mark en private eiendom en by 'n optimistiese siening oor wetenskap en

Die Gees lei ons na die Woord, en omgekeerd: Dit is uit die Woord dat ons die Gees herken

- S van der Linde

tegnologie om die ekologiese krisis op te los. Derdens, ekologie word gesien as iets wat slegs materieel en dus van mindere waarde vir Christene is, wie se fokus eerder moet wees op die behoud van siele en 'n leefbare, regverdigde bedeling hier en nou, maar veral 'n fokus op 'n hemelse toekoms los van 'n sondige aarde vol van ellende en kwellings.

Ek sal wil aanvoer dat hierdie redes gebou is op valse teenstellings en op nie-Christelike wortels. Die teenstelling tussen 'n verkeerde, materiële wêreld en 'n goeie, spirituele wêreld is 'n heidense filosofie en stam regstreeks van Plato af. Intendeel, die verkeerde is nie ons liggame, die natuur en die materiële terwyl die goeie iets spiritueel of hemels is nie, maar die verkeerde is, sinds die sondeval, in die mens self met 'n gepaardgaande vloek oor die skepping. Die sonde leef in ons hart terwyl die skepping ook daaronder lei, en is nie iets aparts buite ons om nie. Christus se verlossingswerk maak egter alles weer nuut en bied weer 'n nuwe, bevrydende perspektief. Verder, die gedagte dat God in die natuur is en daardeur die natuur self heilig is en vereer moet word, is ook on-Bybels.

Die gedagte dat die mens se vryhede aan bande gelê kan word deur die ekologiese krisis, is dalk die diepste verweef in die kultuur van die Christendom, veral in die VS, maar toenemend ook wêreldwyd. Met 'n appèl op Christelike vryhede en 'n radikale interpretasie van wat vrye genade is, asook 'n lang geskiedenis van humanisme in die moderne kultuur, is dit moeilik om so 'n Christelike etiese perspektief los te skeur van hierdie moderne visie op vryheid wat al van die Verligting af saamkom. Augustinus het eens die wyse woorde gespreek dat die menslike vrye wil alleen per grasie is van God se wil, wat in Sy onvoorwaardelike liefde na ons toe gebring is. Vryheid is alleen eg as dit in Christus is, iets wat sekerlik nie vir elke marktransaksie, elke optrede op private eiendom en elke uitkoms van demokratiese beslissings geargumenteer kan word nie. Dit op sigself is nie 'n argument vir 'n ander sosiaal-ekonomiese bestel nie, maar wel een vir die voortdurende toets van ons huidige bestel aan die hand van God se openbaring.

Hoe word daardie openbaring van God in die skepping en in Sy Woord gelees? Watter teologie handhaaf ons in 'n beoordeling van 'n wêreldomvattende probleem soos die ekologiese krisis? Dit is 'n baie groot onderwerp en ek deel hier alleen 'n paar gedagtes oor sekere persepsies wat heers oor God se verhouding met die skepping. Verskeie variasies is hierby denkbaar, maar ek probeer net om die groter lyne te skets.

Een siening is dat alles nou al in Hom is, 'n soort van 'kosmiese Jesus', 'n siening wat onder andere sterk tot uiting kom in die Christelike mistiek. In hierdie seining is heiligheid dus orals in die skepping te sien. Die natuur as sulks word nie as verkeerd of sondig gesien nie, maar slegs die verkeerde wil van die skepsels wat hierin leef.

'n Ander siening is dat God ver verwyderd is van Sy skepping en Hom nie werklik persoonlik met mense en/of die skepping bemoei nie. In hierdie siening word die skepping gou opgevat as iets materieel, iets los van God, en iets wat nie werklik geassosieer kan word met God se deurlopende liefde nie.

... dat Jesus nou alreeds besig is met die wedergeboorte van mense en Sy skepping hier op aarde.

'n Derde siening, en een wat nader is aan wat gereformeerdes bely, is dat Jesus as opgestane Here, nou alreeds besig is met die wedergeboorte van mense en Sy skepping hier op aarde. God se Koninkryk is nie iets ver af in die toekoms nie, maar het nou al reeds begin en sal op die jongste dag tot voleinding kom. Alles is nie nou al in God nie, maar daar is 'n reformerende spanning tussen wat Jesus alreeds oorwin het en wat nog gaan kom. Daardie spanning word deur die werk van die Heilige Gees in die hele skepping lewend gehou en transformeer Christene tot lewende briewe van Christus. Die mens en skepping staan nou al in 'n lewende band met God, heilgemaak deur die verlossende werk van Christus, en deur die werk van die Heilige Gees aangevuur in 'n vaste hoop vir 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. In hierdie tyd van vernuwing bly God die Heer oor die skepping, maar is nooit self volledig in die skepping nie.

Watter drie genadegawes het die predikant die meeste nodig? Nederigheid, nederigheid en nederigheid

- Augustine

Skepping, sonde, verlossing, 'n dankbare, reformerende lewe en voleinding is nie konsepte wat los van mekaar staan nie, maar onderafdelings van God se almagtige leiding in 'n kosmies omvattende geskiedenis. Selfs die Woord was al daar voor die Skepping; die Woord wat mens geword het. Hierdie Woord is God se eie openbaring en verhoed dat konsepte soos skepping, sonde, verlossing, dankbaarheid en voleinding van mekaar losgeskeur word in 'n etiese besinning. As alleen die skepping as openbaring van God gesien word, iets bv. waar die ordelikheid van God aan afgelees kan word en iets wat verkry word deur deeglike ondersoek van die natuur, kan dit maklik tot 'n vervlakking van die Woord lei. 'n Etiek geskoei op die orde en strukture in die skepping alleen kan gou verval in 'n oordrewe beklemtoning van natuurlike wetmatigheid, sonder om die Woord as norm vir die hele kosmos te aanvaar. Aan die ander kant, 'n etiek geskoei op die verwerkliking van Christus nou al in alles, 'n etiek van 'n inherente heiligheid, kan gou verval in die beklemtoning van 'n situasie gedrewe etiek van mistieke liefde. Dit is 'n etiek wat die radikale deurwerking van die sonde in onself, in die kerk, in ons kultuur en in die samelewing onderskat. Hoe so 'n Christelike etiek dan wel moet lyk roep baie vrae op, maar die vertrekpunt is wel duidelik, naamlik dat 'n Christelike etiek, ook ten opsigte van die ekologie, begin by en alleen moontlik gemaak is deur die persoon en werk van Jesus Christus en implikasies het vir die hele geskape werklikheid, vir mens en skepping.

Die ekologiese krisis roep weer vrae op in ons teologiese en etiese beskouing wat veel verder en dieper strek as slegs die respek vir en handhawing van strukture en orde in die natuur, bepaling van 'n goeie moraal of die uitwerk van 'n stel nuwe reëls vir die behoud van die omgewing. Opeens staan vrae oor die herwinning van afval, die uitstoot van koolstofgasse en die pogings om vleilande te bewaar van oprukkende mynaktiwiteite in 'n ander lig. In vaste hoop op 'n nuwe hemel en nuwe aarde, gevorm deur die transformerende werk van die Heilige Gees, mag ons aan die werk gaan. Daar is praktiese reëls en afsprake om te maak wat uiting gee aan wyse bestuur van die skepping, maar

intussen kan ons die geleentheid om die ekologiese krisis te gebruik as besinningsmoment nie verlore laat gaan nie.

Die gesegde “don't waste a crises” word meestal in 'n politiese of ekonomiese konteks gebruik, maar dit begin nou opeens 'n hele nuwe lewensbeskoulike dimensie aanneem. God gee goeie tye en slegte tye, voorspoed en krisis, alles met 'n doel ten goede. Miskien is hierdie krisis 'n geleentheid vir Christene om (weereens) diep te besin oor ons teologie, ons denke oor die aard van God, en die etiek wat daaruit voortvloei. Die Gereformeerde tradisie bevat 'n groot rykdom oor God se kosmiese plan, die sentrale rol wat die opstanding van Christus daarin speel en die lewende hoop wat hierdeur moontlik gemaak is.

Mag die ekologiese krisis ons weer dwing om deur die bril van die Skrif, om Calvyn se parafrase te gebruik, weer na die skepping as ryke bron van God se openbaring te begin kyk. Dan is ook hierdie krisis nie verniet nie.

We don't really have a 'youth problem' in our churches. We have a parental problem more than anything else.

- J Tuininga